

Maandag

Jer. 31: 31; 31 – 34; Eseg. 36: 24 – 28; 2 Kor.1: 17 – 22; 3: 5 – 9; 11: 3 – 6; 11: 16 – 23. 2 Kor 1:20: “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God.” (1953 Afrikaanse vertaling) Tema: 'Jesus Christus is ons “ja” en “amen” op God se beloftes - nie ons nie.' Paulus praat hier van 'n “Ja” wat nét “JA” is en nie “ja – nee” is nie. Paulus praat ook van 'n “amen” wat VERSEKER is en nie “wanneer”, “as” of “indien” is nie. 'n “Ja” wat nét “ja” en nie “ja – nee” is gaan oor die geborgenheid van waarheid en 'n amen” wat nét “amen” is gaan oor die sekerheid van die werklikheid. Paulus is in Korinte beskuldig gewees dat sy besluite en optredes bewys het, hy is net 'n ja-broer. Hierdie beskuldiging was gemik teen hoe Jesus Christus deur Paulus verkondig is en daarom was dit eintlik 'n direkte aanval op Jesus Christus self. Die rede vir hierdie verdagmakery in die gemeente teen Paulus as 'n “ja-broer”, stel Paulus aan die orde in hoofstuk 11: 3 en 4. In Paulus se afwesigheid het ander predikers 'n ander tipe Jesus en gees verkondig, as die Here Jesus en die Heilige Gees wat Paulus aan hulle verkondig het. Deur Paulus nou as 'n “ja-broer” verdag te maak, glo hierdie predikers dat hulle kan bewys dat hulle nuwe Jesus en nuwe gees, die ware Jesus en gees is, wie vir mense meer werklik is as die Here Jesus en Gees wat Paulus verkondig. Paulus het geweet dat die verdagmakery teen hom eintlik 'n direkte aanval op die Here Jesus en die Heilige Gees is wat Hy verkondig. Daarom stel hy dadelik die werklike saak waaroor al die verskille en verdagmakery gaan aan die orde: “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in hom amen, tot heerlijkheid van God.” Jesus Christus is die “ja” en “amen” op al die beloftes van God. Dit beteken dat Jesus die “Ja” is op God se beloftes, Hy maak al God se beloftes WAAR in ons lewens. En Jesus Christus is God se “Amen” - Hy maak al God se beloftes WERKLIK in ons lewe. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Jer. 31: 31; 31 – 34; Eseg. 36: 24 – 28; 2 Kor.1: 17 – 22; 3: 5 – 9; 11: 3 – 6; 11: 16 – 23. 2 Kor 1:20: “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God.” (1953 Afrikaanse vertaling) Tema: 'Jesus Christus is ons “ja” en “amen” op God se beloftes - nie ons nie.' Die beloftes van God waarop Jesus die “ja” en “amen” is, is die Abrahamsbeloftes van Jer. 31: 31; 31 – 34; Eseg. 36: 24 – 28. Paulus is in 2 Kor. direk besig met die uitleg van hierdie twee gedeeltes in die O.T. Die onderskeid “letter en Gees” van 2 Kor. 3: 6 is sy direkte uitleg van Jer. 31: 31-34, sy stelling dat Christus ons self en met die Gees verseël is die direkte uitleg van Eseg. 36: 25, 27 en sy samevatting van al God se beloftes in 2 Kor. 6: 16 “Ons is immers die tempel van die lewende God. Dit is soos God gesê het: “Ek sal onder hulle woon en wandel, Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.”, is 'n direkte verwysing na Eseg. 36: 28 “julle sal My volk wees en Ek sal julle God wees”. Sonder enige teenspraak stel Paulus dat Christus self die “ja” en “amen” op al hierdie spesifieke beloftes van God is. 2 Kor.1: 20 Al hierdie ondernemings van God, nl.

1. God sal ons wegvat uit die gemeenskappe wat afgode aanbid en ons in sy kerk byeenbring. 36: 24;
2. God sal ons sonde wegvat en ons met die doop verseël dat ons rein, heilig, en skuldloos vir God is 36: 25;
3. God sal ons 'n nuwe geaardheid gee en ons sondige geaardheid wegvat. 36: 26;
4. God sal ons die Heilige Gees as gawe gee wat ons God se wet op 'n nuwe wyse kan gehoorsaam. 36: 27;
5. God sal ons God en ons sal God se volk, sy kerk wees. 36:28;
6. God sal ons versorg met al sy skeppingsgawes 36: 30 en
7. God sal ons tot bekering van ons sondes bring, is die beloftes waarop Jesus die “ja” en die “amen” is.

Dit beteken dat nét Jesus (deur in ons plek sondaar te wees en ons in sy plek regverdig, heilig en onskuldig te maak vir God - 2 Kor. 5: 21), nét Hy, hierdie beloftes waar en werklik binne in ons lewe maak. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Jer. 31: 31; 31 – 34; Eseg. 36: 24 – 28; 2 Kor.1: 17 – 22; 3: 5 – 9; 11: 3 – 6; 11: 16 – 23. 2 Kor 1:20: “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God.” Tema: 'Jesus Christus is ons “ja” en “amen” op God se beloftes, nie ons nie. Die geestelikes in Korinte het van Jesus 'n “Ja- broer” gemaak, dit is 'n ander Jesus en 'n ander gees (2 Kor. 11: 3,4) wat tegelykertyd “ja” en “nee” op God se beloftes is - 2 Kor. 1:19”. Paulus stel beslis dat Christus kan nooit God se beloftes tegelykertyd waar en onwaar of werklik en onwerklik in ons lewe laat wees nie, nog minder net gedeeltelik waar of werklik nie. Christus is tegelykertyd 'n “ja” en 'n “nee” op God se beloftes wanneer Hy só verkeerd gepreek en só verkeerd geglo word:

1. Jesus het vir jou sondes gesterf maar God se beloftes is nog nie waar in jou lewe nie. Dit is “ja” Hy het vir jou gesterf, maar “nee” die beloftes is nog nie binne in jou lewe waar nie.
2. Jesus het vir jou sondes gesterf, en sommige beloftes al vir jou waar gemaak, MAAR nog nie almal nie. Dit is “ja”, Hy het vir jou gesterf, en sommige beloftes al vir jou waargemaak maar ander is nog nie vir jou waar nie.
3. Jesus het vir jou sondes gesterf, en dit is die waarheid, MAAR die beloftes is nog nie in jou lewe 'n werklikheid nie, al het Jesus dit waar gemaak. Dit is “ja” Jesus maak die beloftes waar, maar “nee” dit is nog nie 'n werklikheid in jou nie.
4. Jesus het vir jou sondes gesterf en dit 'n werklikheid gemaak, MAAR dit is nog nie vir jou 'n sekerheid nie. Dit is “ja”, dit is werklik, MAAR “nee” jy is nog nie seker nie. Dit is hoe die “ander Jesus en gees” deur geestelikes gepreek en geglo word wat tegelykertyd “ja” en “nee” is, téénoor die Here Jesus en die Heilige Gees wat nét “ja” op al op God se beloftes is. Hy maak dit VOLKOME waar en werklik in ons lewe sonder ENIGE vorm van wetsgehoorsaamheid, liefde of geestelikheid van ons kant af. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Jer. 31: 31; 31 – 34; Eseg. 36: 24 – 28; 2 Kor.1: 17 – 22; 3: 5 – 9; 11: 3 – 6; 11: 16 – 23. 2 Kor 1:20: “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God.” Tema: 'Jesus Christus is ons “ja” en “amen” op God se beloftes, nie ons nie. Vandag word die “ander Jesus en gees” (2 Kor. 11: 4,5) wat tegelykertyd “ja” én “nee” op God se beloftes is, soos volg in kerke gepreek:

1. Jesus is, volgens hulle, “ja” én “nee” want Jesus het vir jou sondes gesterf en vergifnis vir jou waar maak, MAAR dit kan eers ’n werklikheid in jou lewe word wanneer jy tot bekering kom. Só sê Jesus dan “ja”, maar óók “nee”, want jy moet nog eers tot bekering kom voor dit werklik is. Waar Christus egter “ja” én “amen” (en nie “ja” en “nee” is nie!), is jy waarlik en werklik vergewe net deur sy sterwe vir jou aan die kruis.
 2. Jesus, volgens hulle, maak vergifnis vir jou waar, MAAR die krag van God word vir jou eers ’n werklikheid wanneer God se Gees jou oorneem. So maak hulle Jesus se sterwe en kruisiging “ja” om vergifnis te kry, MAAR “nee” om God se Gees te kry. Waar Jesus egter “ja” én “amen” op al God se beloftes is, ontvang ons vergifnis én word vervul ons met God se Gees vervul. (Eseg. 36: 27).
 3. Jesus, volgens hulle, maak die belofte waar dat God jou vergewe, MAAR jy kan eers wedergebore word wanneer jy God self in jou lewe innooi. So maak hulle Jesus se sterwe ’n “ja” vir vergifnis maar ’n “nee” vir wedergeboorte. JÓÚ “ja” saam met Jesus se “ja” kan eers die wedergeboorte werklik in jou lewe maak.
 4. Die nuutste een waar Jesus tegelykertyd “ja” en “nee” op God se beloftes is, is dat Jesus se “ja” maak jou ’n geredde Christen, MAAR jy word eers ’n missionale Christen en Koninkryk Christen wanneer jy God se goddelikheid in die wêreld gaan verteenwoordig deur maatskaplike opheffings werk in vreemde gemeenskappe. So is hierdie ander Jesus ’n “ja” om jou te red, MAAR ’n “nee” om ’n getuie te wees.
- Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Jer. 31: 31; 31 – 34; Eseg. 36: 24 – 28; 2 Kor.1: 17 – 22; 3: 5 – 9; 11: 3 – 6; 11: 16 – 23. 2 Kor 1:20: “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God.” Tema: 'Jesus Christus is ons “ja” en “amen” op God se beloftes - nie ons nie.' Paulus verwerp die kompromie dat Jesus vir party mense die “ja” en “amen” op al God se beloftes is, en vir ander dan die “ja” en “nee” op God se beloftes is. Hierdie gelykstelling sou in werklikheid twee teenstrydige bedieninge van Jesus in een kerk gesanksioneer het. Dit sou die dwaasheid geskep het dat Paulus en sy kollegas in Korinte besig is met die bediening van die nuwe verbond (2 Kor. 3:6), die bediening van die Gees (2 Kor. 3: 8), die bediening waardeur mense regverdig vir God maak word (2 Kor. 3: 9) en die bediening van versoening met God (2 Kor. 5:18) deur Jesus as die “ja” en “amen” op al God se beloftes te verkondig, en DAT DIT DAN NET SO GOED SOU GEWEES HET as die bediening wat lei tot die dood (2 Kor.3: 7), waardeur jy self die letter van die wet moet nakom (2 Kor. 6), waardeur gelowiges veroordeel word (2

Kor. 3: 9) en wat mense van God vervreem. Vir Paulus is dit nie twee verskillende spiritualiteite in een kerk nie. Hy stel die waarheid in 2 Kor. 11: 13 – 15 dat hulle wat Jesus verkondig as die “ja” én “nee” op God se beloftes, Satan self is. Dit is die hartseer van ons eie kerk: Jesus Christus en die Duiwel is dieselfde Here van die kerk. Die kerk bedien die boodskap van Jesus en die Duiwel asof dit net twee verskillende spiritualiteite in een kerk is. Daarom sal jy in één erediens hoor jy hoef NET te glo in Jesus Christus en dan deur diesélfde prediker die vólgende keer hoor dat jy nog nie werklik wedergebore, godsvervuld en nog nie ’n koninkryk-Christen is nie omdat jý nog nie “ja” en “amen” op die beloftes van God gesê het nie. Gelowiges verwerp net soos Paulus hierdie kompromie as vals. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus